# HOËRSKOOL BONNEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

16 Januarie 2026
**OMSENDBRIEF 1/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Tema vir die jaar:** Ons tema vanjaar is "**Goed, beter, beste**". Ons wil graag ons leerders aanmoedig om nie tevrede te wees om net die minimum te doen nie, maar om méér te doen en harder te werk sodat hulle kan uitstyg en presteer. "Beste" beteken nie om beter as iemand anders te wees nie, maar om die beste JY te wees met die gawes en talente wat jy gekry het. Leerders moet elke dag probeer om "beter" te wees as gister – in akademie, sport en kultuur, sowel as met hulle gedrag, gesindheid, ingesteldheid en samewerking. Op hierdie manier sal hulle hul volle potensiaal kan bereik en presteer. Ons wil ook sommer ons ouers vra om ons tema toe te pas deur ook meer betrokke te wees by hul kind(ers) se studies, deelname aan buitemuurse aktiwiteite en om hande te vat met die skool. Ons is almal EEN SPAN, en dit kan slegs goed gaan as almal dieselfde doel voor oë het, na dieselfde dinge streef en almal saamwerk.

2. **Dux-leerder**: Ons dux-leerder van 2025 (die matriekleerder wat die beste akademiese prestasie behaal het) is **Vanwyk de Wet**. Vanwyk spog met drie A-simbole (kode 7's) in Engels, IGO en LO. Hy het in 3 ander vakke sy onderskeiding net-net gemis. Baie geluk!

3. **Matriekuitslae 2025:** Ons is trots op ons matrieks wat hulle weereens goed van hul taak gekwyt het. Die slaagsyfer was 96,3% en daar was 9 vakonderskeidings. 61,11% van ons leerders het met Bacalaureus-vrystelling geslaag (toelating tot universiteit) terwyl die res almal ook gekwalifiseer het om diploma- of sertifikaatkursusse te doen. **Marilie Jordaan** (3 vakonderskeidings), **Abri Botes** (2 vakonderskeidings) en **Taetse Moller** (1 vakonderskeiding) het gesorg vir die ander A-simbole. Baie geluk!

4. **Deelname:** Ons doen 'n beroep op u as ouer om u kinders ten sterkste te motiveer om op te daag vir oefeninge en aan soveel moontlik aktiwiteite by HS Bonnievale deel te neem. Besoek gerus ons webblad www.hsbonnievale.co.za om te sien watter wonderlike geleenthede u kinders het. Doen ook moeite om u kinders te ondersteun deur 'n toeskouer te wees by alles waaraan u kind deelneem. 'n Betrokke Bonnie is 'n gelukkige Bonnie.

5. **Atletiek:** Ons oefeninge het reeds Woensdag begin, maar die opkoms onder ons atlete was nog nie baie goed nie. Ons aflosbyeenkoms is reeds op **Donderdag 22 Januarie** en die Kleurebyeenkoms op **Vrydag 23 Januarie**. Ouers moet asb. help om atlete aan te moedig om gereeld die oefeninge by te woon.

   Om die byeenkoms vlot te laat verloop het ons 'n groot aantal **beamptes** nodig. Ons wil 'n beroep doen op ons ouers en oudleerders om ook hier betrokke te raak en die dag saam met ons te kom geniet. Indien u kan help as beampte, kontak asb vir mnr. Darius van Loggerenberg (WhatsApp 076 197 8086).

6. **Graad 1's:** Die nuwe Graad 1's het hul eerste skooldag met groot opgewondenheid en blink ogies begin. Sommiges het effens senuweeagtig gevoel, maar dit het vinnig verander in glimlagte toe hulle hul nuwe maats, juffrouens en klaskamers leer ken het. Daar was handjies wat gewuif het, rugsakkies wat trots gedra is en baie nuuskierige vrae oor alles wat nog voorlê. In die klaskamer het die kinders geleer waar om te sit, hoe om te luister en hoe om saam te werk. Hulle het stories geluister, prentjies geteken, gesing, gespeel en begin

om hul nuwe roetine te verstaan. Dit was besonders om te sien hoe vinnig hulle aanpas en reeds begin voel soos regte skoolkinders. Ons verwelkom elke Graad 1 hartlik by ons skool en wens hulle alle sterkte toe vir die jaar en vir hul hele skoolloopbaan wat nou begin. Mag hierdie nuwe hoofstuk in hul lewens gevul wees met leer, lag, groei en baie mooi herinneringe.

7. **Graad 8's:** Welkom aan elke graad 8-leerder wat hierdie week by Hoërskool Bonnievale aangesluit het. Daar het reeds verskeie oriënteringsprogramme hierdie week plaasgevind. Baie dankie vir die onderwysers, VRL-lede en VRL-ouers vir al die moeite wat julle met hierdie geleentheid gedoen het.

8. **Graad 8-saalbyeenkoms:** Alle graad 8-ouers word uitgenooi om Maandag **26 Januarie** om **7:25** 'n spesiale saalbyeenkoms vir die graad 8's by te woon. Op hierdie Maandag mag die graad 8's ook vir die eerste keer hulle amptelike groen skoolbaadjies skool toe bring, wat dan seremonieel aan elke graad 8-leerder op die verhoog oorhandig sal word. **Sorg dus asseblief dat u kind teen Maandag 27 Januarie 'n skoolbaadjie het**. Die dra van skoolbaadjies is verligtend volgens ons gedragskode. Ons sal na die saalbyeekoms ons tradisionele Golden Gate-seremonie volg en behoort tussen 8:30 en 9:00 klaar te maak.

9. **Skoolgeldvrystelling:** Alle uitstaande Vrystellingsvorms moet asb. voor of op die **23ste Januarie** ingehandig word. Navrae kan by mev. Alma Hamersma by die finansiële kantoor gedoen word of by 023 616 2160 of finansiesB@hsbonnievale.co.za

10. **Koshuismaaltye:** Daar kan hierdie jaar weer etes by die koshuis gekoop word. Nie-koshuisgangers en nie-koshuisinwoners moet vooraf koepons koop teen **R57.00 per maaltyd**. Die koepons is by die finansiële kantoor te koop. Navrae kan aan die finansiële kantoor gerig word by 023 616 2160 of finansiesB@hsbonnievale.co.za. Bestellings moet asb geplaas word **by Marica Lourens** by mlourens@hsbonnievale.co.za.

11. **Community Keepers:** Community Keepers is 'n nie-winsgewende organisasie wat by ons skool gratis ondersteuning en terapiesessies vir leerders van die skool bied deur 'n goed opgeleide en gekwalifiseerde maatskaplike werker. Leerders kan deur ouers, onderwysers of hulself verwys word vir onderrsteuning. Daar is geen rede hoekom enige Bonnie met 'n seer hart of 'n donker gemoed hoef rond te loop nie. Die hulp by HS Bonnievale is groot!

12. **Nuwe personeel:** Ons sê baie welkom aan mnr. Cornel Myburgh, mev. Lizaan Coetzee, me. Chantal Viljoen, me. Danelle Landman, mev. Ilse van Zyl en me. Jamie-Lee Fortuin.

13. **WhatsApp:** Hierdie omsendbrief word weekliks uitgegee, maar hoofsaaklik slegs elektronies via die graadgroepe op WhatsApp, Facebook en Instagram. Ons vind dat WhatsApp steeds die effektiefste manier is om met ons ouers te kommunikeer. Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

14. **Selfoonkommunikasie met onderwysers:** Ouers word vriendelik versoek om onderwysers slegs tussen 7:20 en 17:00 op weeksdae te kontak, tensy dit 'n kritiese noodgeval is. Die HSB-onderwysers sit omtrent elke aand tot laat met lesvoorbereiding en nasienwerk. Hulle kwaliteit-tyd met hul gesinne is reeds erg beperk. Weens soveel verpligtinge deur die dag kan ons onderwysers ook nie altyd onmiddellik reageer op boodskappe of oproepe nie. Ons sal altyd so gou as wat dit moontlik is op u navrae reageer.

15. **Matriekafskeid 2026:** Matrieks en matriekouers, let asseblief op die volgende reël in ons skool se gedragskode, wat deur die Beheerliggaam goedgekeur is:

    *Sosiale geleenthede wat by die skool plaasvind of deur die skool aangebied word, insluitend die matriekafskeid, word as 'n geleentheid gebruik om goeie gedrag deur ons leerders te beloon. Leerders sal dus slegs toegelaat word om sosiale funksies – insluitend die matriekafskeid – by te woon indien hy/sy aan al vier die volgende voorwaardes van goeie gedrag voldoen...*

    - *deurgaans goeie gedrag en positiewe waardes by die skool en in die gemeenskap uitgeleef het;*
    - *nie by gereelde oortredings van die skool se gedragskode betrokke was nie, volgens die Skoolhoof en Skoolbestuurspan se diskresie;*

- *nie aan enige ernstige wangedrag by 'n dissiplinêre verhoor van die Skoolbeheerliggaam skuldig bevind is nie;*
- ***nie meer as drie skooldae in 'n kalenderjaar sonder 'n geldige, deeglike verskoning, volgens die skoolhoof se diskresie, afwesig was nie.***

*Ouers en leerders wat kostes aangaan vir sosiale funksies – insluitend die matriekafskeid – voordat 'n leerder amptelik toegelaat is, doen dit dus op eie risiko, afhangend van die leerder se gedrag.*

16. **Leerling- en bestuurslisensies:** Leerders by HSB kan by die skool hulp kry met leerlinglisensies en bestuurslesse teen 'n fraksie van die koste van privaat bestuurskole. Maak gerus by mnr. Rian Boshoff 'n draai of kontak hom per e-pos by rboshoff@hsbonnievale.co.za

17. **Toegang tot die skoolterrein:** Die hoofhek (hoërskool) en Laerskoolhek is gestel om soggens vanaf 06:30 oop te maak. Leerders wat vroeg afgelaai word moet asb. nie in die straat bly staan nie, maar eerder op die skoolgronde ingaan waar dit veiliger is.

18. **SBL posisie vakant:** Daar bestaan tans 'n vakante posisie vir die voorsitter van die OOK-portefeulje op die SBL. Dit is iemand wat as skakel optree tussen die ouers en die skool vir alle funksies en geleenthede by die skool. Hiermee word kennis gegee van 'n spesiale vergadering wat sal plaasvind op Dinsdag, 10 Februarie om 18:00 in die mediasentrum van Hoërskool Bonnievale waar een persoon verkies sal word vir hierdie posisie. Nominasievorms is by die kantoor beskikbaar.

19. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Sa. 17 Jan. | Tweekampbyeenkoms te Paarl Gimnasium |
| Di. 20 Jan. | Me. Anneri van Tonder verjaar |
| Do. 22 Jan. | HSB Atletiek Aflosbyeenkoms |
| Vr. 23 Jan. | HSB Kleurebyeenkoms |
| Ma. 26 Jan. | Michael Jordaan verjaar<br>o.11 Krieket vs LS Ashton (weg)<br>o.13 Krieket vs LS Ashton (tuis)<br>SBL vergadering |
| Di. 27 Jan. | Atletiek LS Dorpsbyeenkoms te HSB |
| Wo. 28 Jan. | Me. Elizna Erasmus verjaar<br>o.19 Krieket vs HS Robertson (weg) |
| Do. 29 Jan. | HSB Kleure Swemgala |
| Vr. 30 Jan. | HS Tennis vs Bredasdorp (weg) |
| Ma. 2 Feb. | Me. Yolindé Delport verjaar |
| Di. 3 Feb. | o.19 Krieket vs HS Montagu (tuis) |
| Wo. 4 Feb. | o.11 Krieket vs Bontebok (weg)<br>o.13 Krieket vs Bontebok (tuis) |
| Do. 5 Feb. | LS Tennis vs Montagu (weg)<br>Top presteerders gr.12 seremonie Paarl Stadsaal |
| Vr. 6 Feb. | HS Tennis vs Swellendam (tuis)<br>LS Langeberg Velditems te Robertson |
| Sa. 7 Feb. | LS Langeberg Baanitems te Robertson<br>Tweekampbyeenkoms te Oudtshoorn<br>Worcester-Oos Mini-krieket |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

As iets vir jou belangrik is, sal jy 'n manier vind. Indien nie, sal jy 'n verskoning vind.

P. Brink
Waarnemende Skoolhoof